'n Afbeelding van die ,,Arcadia Mills'' wat aan die bekende Pretorianer E. P. A. Meintjes behoort het, een van die ou geboue in Arcadia. Die terrein waarop die Uniegebou tans staan, het aan Meintjes behoort en die naam Meintjeskop herinner nog aan hierdie bekende outydse inwoner van die Transvaalse hoofstad

kantoor, Pretoria se skoolgebou, die pastorie en midde op Kerkplein die beskeie kerkgeboutjie.

In die jare sewentig het staatspresident T. F. Burgers op die hoek van Prinsloo- en Kerkstraat gewoon en was Meintjes se meul op die wal van die spruit wat later deur die Leeubrug oorbrug is. Meintjeskop is in daardie dae soms as 'n piekniekplek gebruik.

In die jare tagtig het hierdie beeld geleidelik begin verander. As gevolg van die ontdekking van goud het ook Pretoria indirek voordeel uit die nuwe rykdomme, waaroor die Republiek begin beskik het, getrek. Grondpryse het geleidelik begin styg en Pretorianers het hul aandag op die grond wat verder ooswaarts langs Kerkstraat gelê het, begin toespits.

Bryn Tirion

Op 28 Februarie 1889 het John Robert Pritchard, 'n werknemer by 'n bekende Pretoriase firma, voor vrederegter Johann Rissik verskyn en verklaar dat hy deur aankoop die eienaar geword het „van zekere gedeelte der plaats genaamd Elandspoort Nr. 193 (thans genaamd Bryn Tirion) gelegen in het district Pretoria, groot 21 Morgen en 477 vierkante roeden" vir die bedrag van £1,500. Pritchard het hierdie grond van die bekende Pretorianer Edward Philip Arnold Meintjes gekoop. Meintjes was bekend as eienaar van die meul naby die Apiesrivier en as plaaslike wetsagent. Die transaksie is op 22 Februarie 1889 gesluit en die grondbesit van Pritchard het betrekking gehad op die grootste deel van die hedendaagse Bryntirion.

Soos reeds vermeld, was Bryn Tirion 'n deel van een van die oudste plase waarop Pretoria uitgelê is, te wete Elandspoort Nr. 193. Hierdie plaas is op 10 Augustus 1841 geïnspekteer en het sedert 1840 aan die Voortrekker Johannes G. S. Bronkhorst behoort. Geleidelik is hierdie plaas onderverdeel, 'n proses wat ook voortgegaan het nadat E. P. A. Meintjes 'n deel van Arcadia, Eastwood, Lisdogan en die grootste deel van die hedendaagse Bryntirion in 1887 teen R12,000 van sy vader gekoop het.

Beskou ons Pritchard se grond noukeurig, tref dit ons dat dit kleiner is as die hedendaagse Bryntirion, wat bestaan uit gedeeltes van die plaas Elandspoort Nr. 193, Koedoespoort



Meintjeskop soos hy vroeër gelyk het. Op die agtergrond is krane te sien, 'n bewys dat met die bou van die Uniegebou begin is. Die foto is op 22 Oktober 1910 van die kant van Kerkstraat-Oos geneem